Jy pas nie in nie

1 Petrus1:1,2; 2:11,12; 4:12-16

Inleiding

- As jy inpas, is die lewe maklik,
  - as jy nie inpas nie is die lewe moeilik.

- Dis nie nuwe nuus nie.
  - Ons spandeer geweldig moeite en geld om in te pas
    - Die klere te dra wat almal dra
    - Hare te kam soos almal dit kam
    - Liedjies te ken wat almal sing
  - Daag bietjie by 'n funksie op in die verkeerde klere
  - Of vergeet dat julle laaste dag van die kwartaal gewone klere by die skool kon aantrek.

- Om in te pas, waar jy ook al in jou lewe is,
  - gee jou 'n bietjie vastigheid, 'n sin van veiligheid.
    - ons elkeen het seker so 'n skool storie of werk storie of vriende storie.

- Soms is inpas makliker, soms moeiliker,
  - maar as jy 'n Christen is behoort jy maar altyd bietjie te sukkel...
  - maar nie sonder rede nie.

- Petrus skryf in 1 Petrus vir 'n klomp Christene wat ver uitmekaar woon omtrent 65 n.C.
  - Die Christelike beweging was omtrent 30 jaar oud.

- Die wêreld het stadig maar seker begin agterkom hierdie mense met die bynaam 'Christene' is maar 'n bietjie 'anders'
- – hulle het net nie 100% ingepas nie en toe begin aandag trek,
  - en die aandag was nie lekker nie (vgl. v2:12-17; 3:13-22; 4:12-19).

- Die Christene was toe,
  - soos jy dalk vandag in een of ander opsig,
  - onder druk om maar oor te gee en te probeer inpas.

- En die beste medisyne hiervoor is om herinner te word
  - aan 'n paar dinge waaraan Petrus hulle hier in die begin van sy brief ook herinner:
    - Dit is eintlik bietjie hoe dit hoort
    - En, daar is 'n baie goeie doel hiervoor

Lees teks: 1 Petrus1:1,2; 2:11,12; 4:12-16

Raak gewoond daaraan vreemdeling

- Christene word hier 'vreemdelinge en bywoners' in die wêreld genoem
- Dit is omdat
  - hulle nie regtig inpas waar hulle is nie,
  - eintlik buite hulle habitat is soos 'n Stormers ondersteuner op Loftus.
    - En as hy by die huis kom en kla oor onaangename dinge wat met hom gebeur het,
    - sal niemand verbaas wees nie.

- 'n Christen is enige plek op die aarde bietjie buite sy habitat.
    - Hoekom?

- Want wie ons is, waarvoor ons lewe, hoe ons maak en die koninkryk wat ons wil bevorder...
    - bots met wat oor die algemeen in Vanderbijl aangaan:
        - Ons dink
            - 'n werk is 'n plek waar ek met God se skepping te doen het sodat Hy bewonder kan word (Gen 2)
                - Nie 'n plek om myself maar net te verhuur vir geld nie
            - Die mense met wie ek te doen het sit God op my pad sodat ek vir hulle sy liefde kan wys
                - Nie sodat ek hulle kan melk vir my voordeel nie
            - Huwelike is heilige verhoudings om die evangelie uit te stal
                - Nie 'n manier om iemand te vang wat my gelukkig moet maak nie
            - My lewe en als wat ek het is geskenke om rentmeester van te wees voor God
                - Nie goeters wat ek vir myself moet uitsuig omdat ek net een lewe het nie.

- Dis eintlik soos om stroomop te lewe, terwyl almal om jou in hele ander rigting beur.
        - En jou uitkyk of die kat jou ingedra het.
    - Ons lees in die Bybel van iemand wat moeg was daarvoor.
    - Sy naam was Demas.

- In Kolossense en Filemon word Demas beskryf as Paulus se getroue medewerker saam met Lukas en Markus.
- Maar in die laaste brief aan Timoteus (2Tim4:10) skryf Paulus hierdie woorde:

"*Demas het die teenswoordige wêreld liefgekry en my verlaat en na Tessalonika vertrek.*"

- Demas het nie meer kans gesien om nie in te pas nie.
  - Hy het meer lief geword vir wat in die wêreld aangaan
  - as in die koninkryk van God.
    - Hy wou eerder daar inpas.

- Elke persoon wie se hart
  - al werklik deur die Heilige Gees omgeswaai is
  - en Jesus as dissipel en vakleerling volg,
    - sal vreemd voel in hierdie wêreld.
  - En hoe meer Jesus jou vorm, hoe meer gaan dit voel dat jy nie meer pas nie.
    - En dan is die versoeking groot om maar terug te draai
      - weer te probeer inpas.

- Dit alles bring ons by 'n minder gemaklike logiese plek:
  - As jy reken jy is 'n Christen en jy voel nie vreemd in Vanderbijlpark nie,
  - beleef geen druk nie,
  - jy voel heeltemal tuis,
    - is daar groot fout!

- So as dinge vir jou moeilik is of raak omdat jy Jesus volg:
  - Dit is eintlik bietjie hoe dit hoort.

        - Raak gewoond daaraan
    - Jy is nie bedoel om te pas nie.

Gemaak vir 'n missie

- Maar waarvoor is jy dan bedoel?

- Twee keer in hierdie verse word genoem
    - dat God Christene baie spesifiek uitgekies het.
    - Ons ís vreemdelinge en bietjie 'weird'
        - …maar bo alles uitgekies deur God!

- Dit word pertinent genoem om
    - ons te herinner hoe besonder belangrik en kosbaar Christene vir God is.
        - Al is jy 'n soms vreemd vir die mense om jou
        - en nog steeds iemand met baie foute en sonde...
    - het God uit genade en liefde besluit om met jou te werk.

- Maar om ook deur jou te werk sê 1:2.
        - Nadat ons deur die Vader gekies en geroep is,
    - is die werk van die Heilige Gees om
        - ons af te sonder
        - en ons al hoe meer bruikbaar te maak vir die Here.

- Soos 'n dokter se gereedskap wil God ons
    - eenkant en skoon hê
    - sodat Hy ons kan gebruik vir sy spesiale operasie in Vanderbijl

- Maar ons werk soms hierdie werk van die Gees teë

- deur hard te probeer inpas in die wêreld soos Demas.
- As kosbare instrumente gaan maak ons onsself vuil en stomp
  - As ons net saam met die stroom van mense agter ons eie lekker aangaan.
- Uiteindelik is ons skaars bruikbaar vir die missie.

- So, tussen mense wat Jesus nie volg nie
  - Sal jy eenvoudig nie lekker inpas nie
  - – raak gewoond daaraan.
- Maar van God se kant gesien
  - is Christene baie kosbaar eenkant gesit vir spesiale gebruik
    - soos ons die Heilige Gees se leiding volg.

Nou, wat is die doel hiervan?

- Maar hoekom sal God jou optel?
  - Dalk besef jy, jy is soms saam met Demas by daardie plek waar jy eintlik saam met die stroom float agter jou eie lekker aan.
  - Jy is nie 'n skoon en skerp instrument nie

- Hoekom tel God mense soos ons op...?

- As ons die tweede deel van vers 2 mooi lees sal ons daar raaksien:
  - Christene is nie gekies omdat ons skoon en skerp **<u>is</u>** nie,
  - Ons word gekies juis om al hoe skoner en skerper **<u>te word.</u>**
    - en dit deur die bloed van Jesus, nie deur wat ek regkry nie.

- Dis hier waar die evangelie ons net weer tussen die oë tref!
  - 'Nie gevat omdat jy nou regtig iets goeds is nie,
  - gevat om regtig iets goeds te word
  - en dit als net om te wys hoe fantasties Hy is teenoor mense wat nie fantasties is nie

- Dis waarop die woorde neerkom:
  - "deur die Gees afgesonder om aan Hom gehoorsaam te wees en besprinkel te word met die bloed van Jesus Christus"
    - Hierdie 'besprinkel' verwys na hoe die prietsers in die OT allerhande dinge by die tempel 'rein' en 'gewy' moes maak deur bloed van die offers daarop te spat.

  - Jesus Christus het as Mens kom sterf en het opgestaan
    - om ons Vader se 'optel' van ons moontlik te maak.
    - Daarná is die Heilige Gees gestuur om die 'regmaak' en 'gebruik' deel van die mens te doen.

- Sonde keer God nie om mense met sy hand op te tel nie.
  - En as Hy jou vashou in Jesus,
  - en soos wat Hy met jou werk deur sy Gees
    - ...word jy weer bruikbaar
    - Om vir mense te wys wat God met mens kan maak
    - En dat daar 'n ander rigting is om in te swem

- Dit is hoe God regdeur die geskiedenis met mense werk – dis sy goue reël:
  - Tel hulle op al werk hulle nie – en herstel hulle om weer te kan werk.

- En soos wat hulle begin werk is dit maar vreemd vir nie-Christene,
- want Christene straal iets uit van
  - 'n Goeie God en sy koninkryk
  - Die evangelie van sy genade
  - en 'n manier van lewe uit daardie genade.
- wat hulle nie ken nie.

Slot

- Al plek waar 'n Christen werklik behoort te pas, is in God se hand.
  - En deur Jesus se bloed is dit moontlik vir enige mens.

- Jy behoort daarom eintlik bietjie te sukkel om in Vanderbijl in te pas.

- Mag ons daarom nie skrik of huiwer nie
  - Maar soos wat ons Jesus stroom-op volg
  - Vir mense die goeie nuus wys van ware lewe in God.

- Jy is dus om nie lekker in te pas nie, sodat die evangelie kan inpas.
  - En God se Koninkryk kan inbreek om jou.

Amen

Griffel van Wyk
12 Junie 2016
Vanderbijlpark